

HOOFSTUK 2

DIE ONTSTAAN VAN DIE SMUTSWET VAN 1907 EN DIE DOGMA- EN GEWETENSKLOUSULE VAN DIE TRANSVAALSE ONDERWYS- ORDONNANSIE VAN 1953

2.1 TER INLEIDING

Die klimaat vir 'n neutrale godsdiensoonderrig in Transvaal, dit wil sê 'n godsdiensoonderrig bó geloofsverdeelheid, was soos reeds aangetoon, teen 1907 geskep.

Die ou gereformeerde tradisie was oënskynlik deur die Tweede Vryheidsoorlog vernietig. As reaksie hierteen het private Christelik-nasionale skole op die verwoeste Transvaalse velde ontstaan. Die C.N.O.-skole moes dien as 'n teenwig vir die Britse angliseringsonderwys.

Die Milner-Sargantbewind het met die godsdiensoonderrigklousules in die Sargant-onderwysordonnansie van 1903 'n weinig bygedra tot die christelik-nasionale strewe.

Dit was die toestand teen 1907 in die Transvaalse Onderwys toe Smuts se onderwyswet die lig gesien het. Deur middel van hierdie onderwyswet (1907) het Smuts beoog om die twee rigtings, die breë en liberale Britse onderwysstelsel met die christelik-nasionale stelsel saam te bind om sodoende 'n gemeenskaplike grondslag te bewerkstellig om beide Engels- en Afrikaanssprekende bevolkingsgroepe in Transvaal tevrede te stel. Met ander woorde, 'n kompromie moes gevind word tussen twee denkrigtings in die onderwys, te wete die liberaal-humanistiese en die christelik-nasionale. Die Smuts-onderwyswet van 1907 is met hierdie doel voor oë opgestel. Die outeur van hierdie wet was, soos die populêre naam daarvan aandui, die destydse Koloniale Sekretaris van Transvaal, genl. J.C. Smuts.

Smuts het beoog om Transvaal as Britsverowerde gebied

by die Britse Ryk te laat integreer om één groot Britse Ryk op te bou. Soos Rhodes het hy gedink in terme van 'n on-deelbare Suid-Afrika, binne die Britse Ryk en 'n Suid-Afrikaanse nasie voortspruitend uit alle Blankes, Hollands en Engels.⁽¹⁾

Die godsdiensonderrig ten tye van die Smutswet van 1907 was een van die terreine van die onderwys wat die Transvaler van daardie tyd na aan die hart gelê het, soos blyk uit die debatte van die Transvaalse Wetgewende Vergadering waar dit as *"een stekelig onderwerp"* beskryf is.⁽²⁾

Soos reeds aangetoon, was daar op hierdie tydstip wat die onderwys betref, twee strome in Transvaal aanwesig, nl. 'n liberale stroom en 'n christelik-nasionale wat gedurende hierdie tydperk 'n hoogtepunt bereik het. Dit was veral hierdie omstandighede wat Smuts sou benut om sy doel van integrasie van die genoemde twee blanke bevolkingsgroepe te bevorder om so sy uiteindelijke doel van 'n verenigde Suid-Afrika binne die Britse Ryk te bereik. Deur middel van 'n dogmaklousule wat gelyke beregtiging ten opsigte van godsdiensonderrig aan alle geloofsgroepe sou gee, sou hy sy doelstellinge bevorder.

Om die betekenis van die genoemde klousules reg te verstaan, word in die volgende paragrafe 'n kort oorsig gegee van Smuts se onderwysdoelstellinge en filosofiese beskouinge wat wel deeglik 'n invloed uitgeoefen het op die ontstaan en formulering van die betrokke godsdiensklousules.

2.2 DIE FILOSOFIESE DENKRIGTING VAN SMUTS MET BESONDERE VERWYSING NA SY ONDERWYSWETGEWING VAN 1907

Die filosofiese beskouinge van Smuts wat deurslaggewende invloed uitgeoefen het op die formulering van sy onderwyswet, was die sogenaamde holisme.⁽³⁾

(1) Snyman, op.cit., p.3.

(2) Debatten van de Eerste Zitting van de Wetgevende Vergadering van de Transvaal. Pretoria, 1907. Kol. 426.

(3) Smuts, J.C. Holism and Evolution. London, 1927. Preface.

Tydens sy studiejare te Cambridge het hy geïnteresseerd geraak in die onderwerp "*Persoonlikheid*" en 'n studie gemaak van Walt Whitman se "*A Study in the Evolution of Personality*", waardeur verdere gestalte gegee is aan hierdie filosofie. Hy het reeds voor 1907 sulke begrippe aangehang soos "*wholes*" en "*wholeness in nature*":

"This study was never published but the subject continued at odd intervals to engage my attention. Gradually I came to realise that Personality was only a special case of a much more universal phenomenon, namely, the existence of wholes in nature". (4)

Om sy denke tot verdere ontplooiing te bring, het hy in 1910 "*An Inquiry into the Whole*" geskryf. Die stuk is nooit gepubliseer nie, maar toe hy in 1924 die manuskrip weer deur-gelees het, sê hy: "*I found much of the scientific setting out of date and I found my conception of Holism had also altered in certain respects*". 'n Mens kan dus redelikerwys aanneem dat die begrip van holisme reeds voor 1907 in Smuts se denke aanwesig moes gewees het, hoewel dit met die jare tot verdere vergestaltung by hom gekom het.

Enkele paragrawe volg nou om die hoofgedagtes van sy holistiese beskouinge aan te toon wat veral as invloede sou geld by die totstandkoming van sy Onderwyswet van 1907.

Vir Smuts is elke organisme, plant of dier 'n geheel met 'n sekere interne organisasie en met 'n mate van eie rigting en individualisme. (5)

Smuts het 'n holistiese skeppingsbegrip of kreatiewe ewolusiebegrip voorgestaan wat hom op die idee van 'n "*veld-gedagte*" gebring het. Elke geheel het sy middelpunt met 'n gebied van aktiwiteite wat hom omring en sy invloed laat uitstraal. Soos 'n elektromagnetiese veld, het alle sake soos die denke en die werklikheid ook hulle velde. Binne dié velde vind kreatiewe werksaamheid plaas. Elke geheel het sy eie

(4) Ibid. (Vgl. ook Snyman, op.cit., p.142).

(5) Ibid., p.98.

veld en die velde van die verskillende gehele dring inmekaar en werk oorsaaklik of vormend op mekaar in. Dit is in hierdie deureengestrengelde velde waar die skeppende element van die heelal optree.

Volgens Smuts se holistiese beskouing bestaan daar ten opsigte van die situasie hier te lande drie velde, tewete die geheelveld van die onderwys, die geheelveld van 'n verenigde Suid-Afrika en die groot veld van die Britse Ryk. Dit is die veelsoortigheid binne die onderwysveld, veral ten opsigte van sy denominasionele karakter, waaraan Smuts sy aandag moes wy om gestalte te kon gee aan die patroon wat hy ten opsigte van 'n verenigde Suid-Afrika in sy holistiese denke gehad het. Maar hieroor later meer.

Sy ervaring van die wetenskap en staatkunde het Smuts se opvattinge verbreed sodat holisme en sy toepassing vir hom die goue weg vir die toekoms van 'n verenigde Suid-Afrika was.⁽⁶⁾

Smuts het die liberale idee van die vryheid van die indiwidu gehuldig. Volgens sy filosofie vorm die indiwidue dele van 'n groter geheel (bv. die volk) wat natuurlik ook vry moet wees ten einde 'n spanning tussen deel en geheel uit te skakel. Hieruit moet sy stryd vir 'n vrye Afrikaanse volk, vir 'n verenigde Suid-Afrika en vir die uitbouing van 'n groter Britse Ryk gesien word.

Die dogma- en gewetensklousule in Smuts se onderwyswet moet ook gesien word as 'n uitvloeisel van sy holisme: verskillende persoonlikhede met verskillende lewens- en wêreld-beskouinge, veral ten opsigte van hulle denominasionele opvattinge, bevind hulle in die onderwyssfeer. Met ander woorde, waar daar met verskillende persoonlikhede met verskillende geloofsoortuigings in die godsdiensonderrig te doen gekry word, moet die veelsoortigheid tot 'n geheel gekonsolideer word deur 'n dogmaklousule wat verbrokkeling en stryd uitskakel en 'n vir almal aanvaarbare godsdiensonderrig eis binne die geheel van die onderwyssfeer.

(6) Smuts, J.C. Introduction: 'n Artikel in Bews, J.W. Human Ecology. London, 1935. p.11.

2.3 DIE INVLOED VAN SMUTS SE STAATKUNDIGE IDEES OP SY ONDERWYSWET

Reeds vanaf sy jeugjare het Smuts met die Britse oorheersing in Suid-Afrika te doen gehad en so ook kennis gemaak met die invloed wat die verengelsingsbeleid op alle fasette van die samelewing in Suid-Afrika gehad het.⁽⁷⁾

Met sy studies aan die universiteit van Cambridge het Smuts onder die indruk van die grootsheid van die Britse Ryk gekom, die Engelse letterkunde, die Engelse liberale staatsinstellings met sy nie-sektariese onderwyswetgewing en die staatkundige denke van die Britse staatsmanne.

As persvertegenwoordiger van die parlementêre debatte aan die Kaap het hy die gekompliseerde toestande in Suid-Afrika met sy rasse- en politieke vraagstukke uit die parlementêre debatte, nuusblaaie en tydskrifte bestudeer en 'n insig in die staatkundige situasie verkry en besef dat 'n oplossing van die vraagstukke noodsaaklik was.

Smuts het hom toe vereenselwig met Rhodes en Hofmeyer se idees van 'n verenigde Suid-Afrika en tot die gevolgtrekking gekom dat die heersende vraagstuk deur 'n holistiese benadering opgelos moes word. Hy het die politieke platform betree en betoog dat dit die gees van nasionalisme is wat aan die geskiedenis van 'n volk vorm gee en wat geslagte saambind tot 'n gemeenskaplike doel wat aan die sosiale, maatskaplike en staatkundige instellings hulle beslag gee. Hy het voorts betoog dat dit die magtige faktor van 'n nasionale sentiment is wat nodig is om die kosmopolitiese bevolking van Suid-Afrika te konsolideer.⁽⁸⁾

Die Afrikanerbond, waarvan Smuts 'n lid was, was die eerste organisasie in Suid-Afrika wat die idees van nasionalisme verkondig het. Die Bond het die leiding van God in die lotgevalle van volke en lande erken. Die leiding van die Voorsienigheid ten opsigte van Suid-Afrika was vir die Bond

(7) Snyman, op.cit., p.156-162.

(8) Ibid., p.164-167.

'n onontbeerlike vereiste in die vorming van 'n homogene nasionalisme as eerste stap in die voorbereiding van 'n Suid-Afrikaanse volk in 'n verenigde Suid-Afrika. Daarom was dit vir Smuts uiters noodsaaklik dat die verskillende bevolkingsgroepe, veral met hulle verskillende geloofsoortuigings en denominasies, deur 'n noue band aan mekaar verbind sou word om so 'n verenigde Suid-Afrika voort te bring.

Die Jameson-inval was vir Smuts 'n diepe ontnugtering en het hom tydelik tot na die Tweede Vryheidsoorlog laat verander in 'n vurige verdediger van sy land en volk. Met die Vrede van Vereeniging in 1902 het hy sy volk en manskappe gemaak om te berus in die wil van God. Daarna het Smuts met vasberadenheid die republikeine aangespoor tot 'n nuwe oplewing van Afrikaner-nasionalisme. 'n Nuwe geleentheid het toe vir Smuts aangebreek om hom, saam met genl. Louis Botha, te beywer vir die doelstelling wat hy voor die Tweede Vryheidsoorlog nagestrewes het. Hy het weer begin dink aan 'n verenigde Suid-Afrika binne die Britse Ryk wat alle Blankes moes insluit.⁽⁹⁾

Met die Volkskongres op 24 Mei 1904 het Smuts die Het Volkparty gestig waarin Boer en Brit kon saamwerk. Die Het Volkparty se werkprogram het as doelstelling gehad om

"verdeeldheid te vermijden, de overheersing van't ene blanke ras over't andere tegen te gaan en alle blanke inwoners van de staat te verenigen in een groot Zuid-Afrikaansche natie" (10)

Op 20 Februarie 1907 kom die Het Volkparty in Transvaal met 'n volstreekte meerderheid aan bewind en word Smuts kort daarna benoem as Koloniale Sekretaris met onderwysbeheer.

As Koloniale Sekretaris van Transvaal het Smuts daadwerklik met Botha begin saamwerk vir rasseversoening en 'n verenigde Suid-Afrika.

Dit was op hierdie stadium duidelik dat Smuts se

(9) Armstrong, H.E. Grey Steele. London, 1941. p.150.

(10) De Volkstem, 11 Mei 1905 en 1 Feb. 1905.

politieke oogmerke 'n verenigde Suid-Afrika binne die Britse Ryk was. Van alle faktore wat sou kon bydra tot verwesenliking van hierdie doel was die onderwys één van die sterkste. Deur middel van 'n aanvaarbare onderwyswet vir die land sou hy sy doel makliker kon bereik. Van alle aspekte in die onderwys was godsdiensonderrig een van die belangrike sake. Die veelsoortige denominasionele karakter van die onderwys moes deur wetgewing gekonsolideer word sodat die ideaal van 'n verenigde Suid-Afrika bereik kon word.

Met die steun van die Het Volkparty het Smuts die hoofbeginsels van die konseponderwyswet voorberei en opgestel sodat hy saam met die oposisie eenparige samewerking in die Volksraad kon verkry om die wet deur te loods.⁽¹¹⁾

2.4 SMUTS SKEP DIE KLIMAAT VIR SY ONDERWYSWET VAN 1907

Soos reeds aangetoon, het Smuts in sy holistiese denke 'n verenigde Suid-Afrika binne die Britse Ryk gesien. Een van die belangrikste middele tot hierdie doelstelling van hom, was die onderwysstelsel wat hy op taktvolle wyse beplan en deur middel van sy Onderwyswet van 1907 deurgevoer het. Een van die moeilikste vraagstukke in sy onderwyswet was die godsdiensonderrig-vraagstuk. Om 'n verenigde volk, veral ook deur 'n doeltreffende onderwysstelsel, daar te stel, moes die veelsoortige denominasionele samestelling van die leerlinge in die skool geneutraliseer word, en dit het Smuts by wyse van 'n dogma- en gewetensklousule in sy onderwyswet gedoen. Deeglik en taktvol het Smuts die klimaat vir sy onderwyswet geskep.

Namate Smuts se planne en onderhandelinge vir selfregering met die Britse regering gevorder het, het die groot vooruitsigte van 'n verenigde Suid-Afrika steeds sterker in sy gedagte gegroei en het hy kragtige pogings aangewend om die verskille tussen die blanke rasse uit te wis wat vir soveel tweedrag verantwoordelik was.⁽¹²⁾ Met hierdie doel voor oë

(11) Snyman, op.cit., p.192.

(12) Crafford, F.S. Jan Smuts. Kaapstad, s.j. p.80.

het Smuts die onderwysbeleid van Milner en Sargant aangeprys en dit as basis vir sy eie onderwysbeleid geneem want, so het hy geredeneer,

"vandag kunnen wij zeggen dat het Goewernement een gesunde grondslag gelegd heeft voor de toekomstige ontwikkeling van ons onderwysstelsel". (13)

Laasgenoemdes het volgens Smuts 'n onderwysstelsel voorgestaan waarin albei rasse tot één volk opgelos kon word:

"The national system (of education) which we are trying to establish and which, if successful, will do more than anything else to the discordant elements of this community into one people". (14)

So het Smuts vanaf die politieke platform deur middel van die Het Volkparty die volk voorberei vir sy onderwyswet en sy doelstellinge vir 'n verenigde volk binne die Britse Ryk gepropageer. Sy onderwyswet het hy geskoei op die lees van die Britse Onderwyswet van 1870 want die dogmaklousule van die Onderwyswet van 1907 was feitlik woordeliks dieselfde as die dogmaklousule van die eersgenoemde Britse Onderwyswet.

Deur sy holistiese lewens- en wêreldbeskouing het Smuts die visioen van 'n verenigde Suid-Afrika binne die Britse Ryk, dit wil sê die deel binne die geheel, gesien en sy hele strewe daarop gerig.

Net soos hy in sy holisme elke organisme vry en onafhanklik gesien het, met sy eie arbeidsveld maar met die velde inmeekaarvloeiend, net so wou hy Suid-Afrika sien, vry om sy eie heil uit te werk en tog die Suid-Afrikaanse veld samevloeiend met dié van die Britse Ryk. Daarby het Smuts persoonlikheid as die hoogste vorm van holisme gestel en wat hy prakties met sy onderwyswet wou toepas, daaraan verbind.⁽¹⁵⁾

(13) De Volkstem, 3 April 1907.

(14) Headlam, C. The Milner Papers, (1899-1905). London, 1933, deel III. p.278.

(15) Snyman, op.cit., p.193.

2.5 ONDERWYSWET NO. 25 VAN 1907 (SMUTSWET)

Die onderwyswet van 1907 is van beslissende betekenis vir die onderwys in Transvaal omdat dit van 1907 tot 1953 daardeur gereël was.

Soos reeds aangetoon, was Smuts voorstander van 'n holistiese lewensfilosofie. Om sy doel te bereik, het hy dieselfde standpunt ingeneem as die wetgewers van 1870 in Engeland, nl. om aan die skole 'n godsdiensonderrig te gee sonder spesifieke dogma en sonder gewetensdwang.⁽¹⁶⁾

Die dogma- en gewetensklousule in sy onderwyswet⁽¹⁷⁾ het nie-sektariese godsdiensonderrig beoog. Gelyke beregtiging moes aan alle geloofsgroepe geskied sodat die persoonlikheid van elke indiwidu en elke groep op generlei wyse geskaad word nie. Al die bevolkingselemente in die skool moes saamgesnoer word om 'n christendom bo geloofsverdeeldheid daar te stel, sodat almal daaraan kon deelneem, om uitvoering te gee aan die funksie van die deel binne die geheel.

Net soos Smuts se filosofiese denke uiting gevind het in sy politieke strewe, het ook sy onderwysdenke, gevorm deur sy filosofiese denke, uiting gevind deur sy politieke strewe. In sy uitleg, in die Wetgewende Vergadering, van die samestelling van sy onderwyswet erken hy die christelike herkoms van die land se inwoners wat *"wensen dat hun kinderen op Christelike manier zullen opgevoeden worden"*.⁽¹⁸⁾ Maar hierdie erkenning van die christelike aard van die land en sy bevolking het hom voor die voldonge feit gestel van die veelsoortige aard daarvan, sodat daar terwille van die eenheidsgedagte, van die deel in die geheel, vir hom geen ander weg was as om die veelsoortigheid te konsolideer met 'n dogma- en gewetensklousule in sy onderwyswet nie.

(16) Coetzee, J.Chr. Die Godsdienksklousule in Transvaalse Onderwyswetgewing. (~~In~~ Koers, Augustus 1957. p.17).

(17) Art. 34 van Wet No. 25 van 1907. Sien bylaag A.

(18) Debatten van de Eerste Zitting van de Wetgevende Vergadering van de Transvaal. 1907 (21 Maart - 20 Aug.) Pretoria, 1907. Kol. 426, p.213.

Klousule 34 van die Smutswet⁽¹⁹⁾ reël die godsdiensoonderrig op die openbare skool.

Die wet bepaal dat die skool elke dag met gebed geopen en gesluit moes word, waarvoor 'n halfuur afgestaan moes word. Twee en 'n halfuur moes gewy word aan godsdiensoonderrig en Bybelgeskiedenis, deur die eenvoudige voorlees van die Bybel sonder inbring van sektariese of dogmatiese onderrig. Indien dogmatiese onderrig deur die ouers verlang sou word, was die skool nie die aangewese plek daarvoor nie. In dié geval kon die kerk en ander plekke waar die godsdiensoonderrig in 'n dogmatiese gees vertolk word, daarvoor gebruik word. *"Het ligt niet op de weg van de Staat de meningen van welke sekte, kerk of richting ook, in dit land te bevorderen"*.⁽²⁰⁾

In sy uiteensetting van die wet het Smuts in die Wetgewende Vergadering daarop gewys dat nege-tiendes van die land se bevolking Christene was en dat dit hulle wense was dat hulle kinders *"op Christelike manier"* opgevoed sou word. Dit moes deur die regering en wetgewing erken word, en (uit wat hy hier byvoeg is dit duidelik nie 'n protestants-christelike manier nie) *"bijgevolg is neergelegd dat de eenvoudige neutrale Christelike leer de grondslag van het godsdienstig onderwijs in de scholen zal zijn"*.

Hy het verder by herhaling in sy toespraak in die Wetgewende Vergadering daarop klem gelê dat *"Geen dogma zal onder-richt worden"*. Maar hoewel hy voorts ook gesê het *"dat dit onderwijs onsektaries en van geen bepaalde richting zij"* het hy hier ook bygevoeg *"met eenvoudig lezen van de Bijbel en verklaring"*.

'n Laaste voorsiening in die godsdienkslousule deur Smuts aangebring en waarmee hy met 'n applous in die Vergadering begroet was, is dat geen *"geestelike"* (leraar) in die onderwys toegelaat word nie. Hy het dit so in sy toespraak opgesom: *"Maar om op de hoofdzaak neer te komen de bedoeling is, dat ons*

(19) Sien bylaag A.

(20) Debatten van de Eerste Zitting van de Wetgevende Vergadering van de Transvaal. Pretoria, 1907. Kol. 426-427.

onderwysstelsel niet door de Kerken beheerst zal worden".

Hy het tot die gevolgtrekking gekom dat as een kerk eers eenmaal toegelaat sou wees om die skool te betree, aan ander ook die verlof gegee sou moes word. Dag na dag sou om verlof aangeklop word wat tot gevolg sou hê dat oneerbiedigheid vir godsdiens sou intree en geen godsdiensonderrig gegee sou word nie.

Hoewel die hele kwessie van godsdiensonderrig telkens in die debatte van die Vergadering as "*de enorme moeilikheid*"⁽²¹⁾ en "*een zeer moeilike kwestie*"⁽²²⁾ bestempel is, was die algemene ontvangs van nie-sektariese onderwys, baie gunstig.⁽²³⁾ Uit hierdie gunstige ontvangs wat die onderwyswet in die Raad geniet het, kan afgelei word dat Smuts gesorg het dat sy onderwyswet 'n goeie klimaat sou geniet.

Die implikasies en probleem van godsdiensonderrig sonder dogma het in die besprekings ook duidelik na vore gekom. Raads-lid John Reid het geglo dat dié man nog gebore moet word wat die Bybel met 'n ander as sektariese opvatting sal onderwys, want Bybellees en Bybelonderrig is twee verskillende sake.⁽²⁴⁾ Ook F.W. Beyers het hierdie standpunt gehuldig, want "*Bijbelse geschiedenis in de betekenis van het woord zelf, moet betekenen een openbaring van de mening van zekere teksten in den Bijbel*".⁽²⁵⁾

Met die Smutsonderwyswet is die probleem van 'n godsdiensonderrig met as grondslag 'n "*eenvoudige neutrale Christelike leer*" geskep, veral waar dit gepaard moes gaan "*met eenvoudig lezen van de Bijbel en verklaring daarby*". Waar hierdie wet bly voortbestaan het tot 1953 en in die Transvaalse Onderwysordonnansie van 1953⁽²⁶⁾ opgeneem is, sal die verdere implikasies en onuitvoerbaarheid daarvan in 'n volgende hoofstuk bespreek word.

As gevolg van subartikel (4) van die Smutswet sou die christelike gereformeerde leer wat deur die C.N.O.-beweging

(21) Sir. G.H. Farrar, op.cit., kol. 438.

(22) Sir. J.P. Fitzpatrick, op.cit., kol. 580.

(23) De hr. W. Hosken, op.cit., kol. 1428.

(24) Ibid., kol. 1426.

(25) Ibid., kol. 562.

(26) Sien bylaag B.

onderskryf is, nie in die skool gedoseer mag word nie. Die reaksie teen die Smutswet het dan veral ook van die kant van C.N.O.-ondersteuners gekom.

2.6 DIE C.N.O.-BEWEGING SE VERSET TEEN DIE SMUTSWET VAN 1907

Vir die C.N.O.-ondersteuners was die Smutswet van 1907 'n nuwe aanpassing. Van onderwys deur plaaslike beheer moes die Afrikaanssprekende ouers nou tevrede wees met skoolkommissies wat slegs 'n adviserende hoedanigheid besit het. Hulle moes tevrede wees met onderwys wat uit die hande van die ouers geneem en onder beheer van die staat geplaas is, wat vry onderwys sou verskaf en wat by dit alles nog ondogmaties en nie-sektaries van aard sou wees.

Langsamerhand het ontevredenheid by 'n groot deel van die Afrikaanssprekendes ontstaan. Daar was veral ontevredenheid omdat C.N.O.-skole weens gebrek aan fondse en sonder staatssteun nou by die staatskole moes inskakel, waar dogma uitgesluit is. As gevolg hiervan het daar teenkanting van veral die Gereformeerde Kerk ontstaan. In Potchefstroom was dit veral onder leiding van prof. Leon Cachet en dr. J.D. du Toit dat die teenkanting geloods is.

Du Toit het in 'n gepubliseerde lesing oor "*Christelike onderwys met of sonder Dogma*" (1908) aangetoon dat dogma 'n ereplek in die onderwys op skool behoort te hê, want Gods Woord eis die opvoeding van die kind in die leëring en vermaning van die Here, waarsonder die kind nie tot eie oplossing van die groot lewensvraagstukke kan kom nie, en omdat die doel by alle opvoeding die voorbereiding van 'n lewe tot eer en verheerliking van God moet wees.⁽²⁷⁾

Ook in die dagblaaie het protes-skrywers oor die Smutswet van hulle laat hoor. So het J. Lugtenburg sy stem laat hoor in 'n lang brief in De Volkstem. Hy skryf dat die meeste van

(27) Coetzee, J.Chr. Die Gereformeerde Beginsel in die Onderwys in Transvaal, 1859-1937. Bloemfontein, 1939. p.33-39.

die kinders in die Afrikaanssprekende skole dié van gereformeerde belydende lidmate is wat by die doop 'n belofte afgelê het voor God en Sy gemeente om die kinders in die gereformeerde leer te laat onderrig. Hy stel dan die vraag: *"Wat hebben nu de verteenwoordigers van dat volk van Geref. beginselen gedaan in de Onderwyswet?"* Hy antwoord dat skoolkommissies wel verstandig genoeg geag word om die taalmedium tot standerd drie vas te stel, maar hulle is onbekwaam om die godsdiensonderrig van hulle kinders te reël. Ook die andersdenkendes, bv. Rooms-Katolieke en Jode, moet nou belasting betaal en dit vir 'n skool wat teen hulle gewete ingaan.

"Zo 'n artikel (art. 24) is nu vasgesteld door de vertegenwoordigers van een Gereformeerd volk, van nakomelingen van hen, die voor vrijheid van geweten 'goed en bloed' hebben geofferd".

Ten slotte skryf hy dat deur hierdie artikel 'n strop om die hals van godsdiensonderrig geplaas is met die punt van die strop in die hande van die regering.⁽²⁸⁾

Ook in die verskillende kerkblaaie het C.N.O.-ondersteuners teen die Smutswet te velde getrek. So bv. word in *"Het Kerkblad"* van 1 Nov. 1908 onder die opskrif *"Buigen of Agiteren"* die skoolwet as sodanig geroem want alle godsdienstige partye word daardeur bevredig, maar dit was niks anders as 'n ydele woordekraam nie. Dit was veel meer as net 'n geduldige verduring van die gewetensdwang wat uitgeoefen is.⁽²⁹⁾

Na aanleiding van 'n skrywe van een van die gereformeerde predikante op 1 November 1908 in *"Het Kerkblad"* oor die sing van gewyde liedere en gesange in die skool, het die Direkteur van Onderwys geantwoord dat geen dogma in die skool onderwys mag word nie maar dat gewyde liedere wel in die skool gesing mag word. Hierdie skrywe in *"Het Kerkblad"* het plaasgevind na 'n onderwysdebat wat op 30 Junie 1908 in Pretoria gehou is onder

(28) Lugtenburg, J. "De Onderwijswet". De Volkstem, 14 September 1907. p.8.

(29) Snyman, op.cit., p.335.

leiding van dr. J.D. du Toit. Ten opsigte van die dogma wat nou in skole verbied was, het Du Toit gesê: *"De akker der Bijbelse geschiedenis wordt met onvruchtbaarheid geslagen door de wering van het Dogma"*. Volgens dr. Du Toit is gewyde liedere en die gebed ook van dogmatiese aard en moet dit volgens die Smutswet ook uit die skole geweer word.⁽³⁰⁾

Ook prof. J. Kamp van Potchefstroom het teen die Smutswet te velde getrek. Hy het gesê die skool behoort aan die ouers en nie aan die regering nie. Kerk en staat, sê hy, behoort met die ouers en die skool saam te werk. Volgens hom moet die christelike opvoeding van die ouers wat 'n christelike belydenis daarop nahou, in die skool voortgesit word. In hierdie opvoedingstaak, 'n wisselwerking tussen ouers en skool, moet die onderwysers dieselfde hoë roepingsdoel nastrewe.⁽³¹⁾

In 'n artikel in *"De Volkstem"* het ene A.J. Emous geskrywe dat hy nie goed kan verstaan hoe dit moontlik is dat by Bybelonderrig geen leerstuk van enige kerk of sekte onderrig mag word nie:

"De Bijbelse geschiedenis toch is de draagster van leringen en waarheden die er zo geleidelik uit voortvloeien, dat we niet anders verwachten kunnen dan dat deze formulering aanleiding geven zal tot tal van moeilijkheden, al weer niet buiten de grotere plaatsen, maar juist waar de bevolking zo gemengd is".

Volgens Emous bedoel die wet dat leerstukke waarin die kerke van mekaar verskil, uit die skool geweer moet word maar, betoog hy, soos die wet geformuleer is, word die hele heilsleer, ook wat sy kern betref, uitgesluit.⁽³²⁾

Die strewe na C.N.O. was nog nie dood nie, want nie net die pers en dagblaaie het teen die Smutswet en vir C.N.O. gepleit nie, maar ook 'n reeks kongresse (1907-1913) het gevolg waar die C.N.O.-beginsels bepleit en gepropageer is.

(30) De Volkstem, 30 Junie 1908.

(31) Kamp, J. De School hoort aan de Ouders. Het Westen, Potchefstroom, 1912. p.5.

(32) De Volkstem, 7 Aug. 1908.

Op die Het Volkkongres in Julie 1909 is christelike onderwys ernstig bepleit. Piet Grobler het vrye skole met staatsondersteuning bepleit. Hierteen het genls. Botha en Smuts hulle verset. Dit sou volgens hulle beteken dat die ouers op die £-vir-£-stelsel sou moes bydra, en hiervoor was die publiek nie te vinde nie. Hierdie bangmaak-politiek van Botha en Smuts het geslaag. Genl. De la Rey het daarby ook gesê: *"dat hy veel respekt bied voor de Kerk, maar dié moet op eigen gebied blyven - geen politieke bemoeiing".*⁽³³⁾

Voor 1907 het Botha en sy ondersteuners hulle vir christelik-nasionale onderwys beywer.⁽³⁴⁾ Op die C.N.O.-kongres in April 1907 het Botha egter die beginsel van staatsteun aan die onderwys voorgestel. Hierdie voorstel het groot byval gevind. Solank hulle met 'n C.N.O.-standpunt steun onder die volk kon verwerf, het Smuts en Botha C.N.O. ondersteun, maar nadat hulle aan bewind van sake gekom het, is C.N.O. tersyde gestel.

Met groot omsigtigheid het voorstanders van C.N.O. hierna maar telkens die owerheid om toegewings genader. So is aan 'n hoofkommissie uit die C.N.O.-kongres in 1909 opgedra om die Regering te versoek dat die onderwyswet so gewysig moes word dat dié ouers wat teen staatskole was, hulle eie vrye skole kon oprig; dat skoolkommissies die reg moes hê om vakatures in hulle skole op staatsonkoste te adverteer en vereistes aan die godsdienste en taal te mag stel; dat uit opvoedkundige oogpunt die beginsel van tweetaligheid so toegepas moes word dat in die laerskole die moedertaal van die kind die medium van onderwys sou wees.⁽³⁵⁾

Behalwe die stryd uit Afrikanergeledere was daar natuurlik ook die liberale opvatting van die Engelssprekende deel van die bevolking wat self ook teen die C.N.O.-beweging te velde getrek het. H.C. Boshoff praat hiervan soos volg:

(33) Het Kerkblad, 1 Julie 1909.

(34) Coetzee, J. Chris. Onderwys in Transvaal, p.97.

(35) Het Kerkblad, 1 Aug. 1909.

"Die houding van die Engelse bevolkingsdeel ten opsigte van die C.N.O. was al die jare dieselfde en spruit voort uit hulle liberalistiese en imperialistiese lewensopvatting. Hulle beskou die Calvinistiese beskouing, dat die gees en rigting van die skool Christelik moet wees, as bekrompe en onwetenskaplik. Sodra aangedring is op aparte skole vir die twee rasse is dit bestempel as rassehaat". (36)

2.7 VAN DIE ONDERWYSWET VAN 1907 NA DIE ONDERWYSORDONNANSIE NO. 29 VAN 1953

Ten spyte van alle teenkanting het die Smutswet sonder wysigings op die wetboek bly staan tot 1953.

Hoewel daar eers vanaf 1947 'n verbatimverslag van die debatte van die Provinsiale Raad van Transvaal gehou is, blyk uit die notules van die Raad dat die algemene toestand van die onderwys in Transvaal teen 1936 sorgwekkend was.⁽³⁷⁾ Velerlei sake in verband met onderwys het die aandag van die Raad genoodsaak; daarom het die kennisgewing van 'n mosie van mnr. F. Handel Thompson gekom, wat soos volg gelui het:

"Dat hierdie Raad by die Uitvoerende Komitee aanbeveel dat die tyd aangebreek het om 'n Kommissie te benoem om ondersoek in te stel na die onderwysstelsel van hierdie Provinsie ten einde sodanige aanbevelings te doen as wat daartoe mag strek om die doeltreffendheid van die stelsel te verbeter, dit te laat aanpas by die mees moderne ontwikkelings op opvoedkundige gebied, en dit in staat te stel om op bevredigende wyse te voldoen aan die vereistes van alle seksies van die bevolking". (38)

Die ondersoek na die onderwys in Transvaal sou in 'n breëre sin gedoen word.

-
- (36) Boshoff, H.C. Beheer van die Onderwys in die Provinsie Transvaal vanaf 1910. Potchefstroom, 1959. p.250.
- (37) Notule van die Provinsiale Raad, Eerste Sessie 1936-37, Negende Raad, Deel XX. Pretoria, Staatsdrukker, 1937. p.18 en 34.
- (38) Uit die genoemde notules blyk dit dat algemene administrasie, salarissake ens. ten opsigte van die onderwys in Transvaal 'n ondersoek genoodsaak het. Nêrens word enige melding van Godsdiensonderrig gemaak nie. Die hele onderwysstelsel het onder die soeklig gekom.

Ingevolge Administrateurskennisgewing No. 124 van 3 Maart 1937 is 'n kommissie, met dr. W. Nicol as voorsitter, benoem

"om ondersoek in te stel na die onderwysstelsel van die Provinsie ten einde aanbevelings te doen wat daartoe mag strek om die doelmatigheid van die stelsel te vermeerder, dit te laat aanpas by die modernste ontwikkelings op onderwysgebied, en dit in staat te stel om op bevredigende wyse te voldoen aan die vereistes van alle klasse van die bevolking". (39)

In Junie 1937 het die Kommissie 'n lys van onderwerpe waaroor hy getuienis verlang het, uitgereik. Die Onderwysdepartement het dit in die vorm van 'n algemene omsendbrief (No. 11 van 1937) gepubliseer. Onder die lys van onderwerpe verskyn Godsdiensonderrig as één van die leerplanvakke waaroor getuienisse en memorandums ontvang is. Op 29 Junie 1939 is hierdie verslag voltooi en deur 'n Gekose Komitee van die Provinsiale Raad, met mnr. P.W. Ferreira as voorsitter, op 27 Jan. 1953 oorweeg vir voorlegging aan die Raad. 'n Kort oorsig van die verslag van die Onderwyskommissie verdien die aandag in hierdie studie, omdat dit as basis gedien het vir die veranderde klousules in die Onderwysordonnansie onder bespreking.

As algemene beginsel ten opsigte van *"Christelike Onderwys"* stel die Kommissie dit soos volg:

"Feitlik eenparig word geëis dat ons skole Christelike skole moet bly. Die Christendom word beskou as die grondslag van ons onderwysstelsel, en die Christelike moraal as die ideaal wat by die opbou van die karakter beoog word. Dit word feitlik ook eenparig geëis dat alles in die werk gestel moet word om in die wense van minderhede te voorsien, sonder om aan die waarde van die stelsel afbreuk te doen. Ons aanvaar hierdie beginsels". (40)

Soos uit die besprekings in hierdie studie verderaan sal blyk

(39) Verslag van die Provinsiale Onderwyskommissie. T.P. No. 5 van 1939. Pretoria, 1939. p.5.

(40) Ibid., par. 23, p.11.

was dit 'n moeilike taak waarvoor die Kommissie te staan gekom het "om in die wense van die minderhede te voorsien".

In sy verslag oor "Die Leerplan" in die skool sê die Kommissie:

"Ons is egter nie heeltemal oortuig daarvan dat die Departement hierdie proefnemings (d.i. 'Proefneming met die oog op die aanpassing van die leerplan') doelmatig kontroleer en dat die resultate wetenskaplik opgeteken en tot hul volle waarde gebruik word nie".

Wat die vak Godsdiensonderrig betref, word hierdie twyfel verder gemotiveer deur sy verslag oor die "Toestand van Godsdiensonderrig" in skole. Oor die algemeen het die getuies voor die Kommissie "'n betreurenswaardige voorstelling gegee van die toestand van sake wat betref godsdiensonderrig in ons skole".⁽⁴¹⁾ Sommige van die getuies het gepraat van "Bybelonderrig 'n wrede klug", ander weer het gesê: "Liewer as om toe te laat dat die huidige toestand van sake voortduur kan godsdiensonderrig maar heeltemal uitgelaat word". In sy "Bespreking van Oorsake"⁽⁴²⁾ sê die Kommissie:

"Gevalle het onder ons aandag gekom waar prinsipale, ten einde reorganisasie te verhoed, nie aan die vereistes van die Wet voldoen het nie maar die onderrig beperk het tot gedeeltes van die Bybel wat geskik is vir alle leerlinge, en daardeur die lesse minder doeltreffend gemaak het. In sommige skole word hierdie moeilikheid te bowe gekom deur sulke minderhede in aparte klasse te groepeer vir die Bybelles wat volgens hul eie wense gegee word". ⁽⁴³⁾

Hieruit blyk duidelik watter probleem daar reeds deur die dogma- en gewetensklousule van die toe nog Smutsonderwyswet (1907) in die skole geskep is.

Die "Uitgangspunt van die Kommissie" ten opsigte van godsdiensonderrig was:

(41) Ibid., par. 542, p.157.

(42) Onder hierdie hoof word die oorsake vir die algemene verwaarloosing van Godsdiensonderrig as vak op skole bespreek.

(43) Ibid., par. 543, p.157.

*"Die Kommissie is daarvan oortuig dat godsdiens-
onderrig die grondslag van alle ware onderwys is,
dat dit die volk bestendig, veral 'n saamgestelde
volk soos ons s'n, dat dit die middel is om 'n
sterk persoonlike karakter op te bou en dat kultuur
sonder godsdiens nie betroubaar is nie. Die
Kommissie is tewens daarvan oortuig dat die be-
volking van Transvaal verlang dat hierdie gods-
diensonderrig in 'n Christelike gees en as 'n inte-
grerende gedeelte van die skoolleerplan gegee moet
word". (44)*

Voordat hy met enige aanbevelings kom, het die Kom-
missie *"Die Roeping van die Skool insake Godsdiensonderrig"*
soos volg gestel:

*"Ons is dit eens met die bepaling in die
Onderwyswet dat die skool nie die plek is om
die dogma te leer wat eie is aan 'n bepaalde
gesindte of sekte nie. Dit moet grootliks 'n
saak van goeie trou wees wat die onderwys be-
tref". (45)*

Voorts het die Kommissie daarop gewys dat dit feitlik onmoont-
lik is om *"Bybelgeskiedenis"* te onderrig sonder dat daar 'n
leer van uitstraal, soos bv. in die leer van Jesus. Dit is
ook nie die plig en werk van die onderwyser om die wil van die
kind tot oorgawe van God te lei nie, hoewel die invloed van die
toegewyde onderwyser op die kind oorweldigend is.

*"Die Bybelverhaal as die verhaal van God se
handelinge met die mens, kan, as dit behoorlik
vertel word, alleen gelaat word om sy eie be-
sondere invloed op die lewe van die kind uit te
oefen en hom te lei tot 'n persoonlike onder-
vinding van God" (46)*

Die Kommissie is egter daarvan oortuig dat die publiek die
reg het om te eis dat die skool alles moet doen wat moontlik
is om *"die Christelike deugde"* te ontwikkel en daarom *"Gods-
diensonderrig moet nie net nog 'n vak in die leerplan wees saam
met soveel ander vakke nie, maar moet die hele lewe van die
skool deurtrek en beïnvloed"*.

(44) Ibid., par. 540, p.156.

(45) Ibid., par. 544, p.158.

(46) Die moontlikheid aldan nie, van hierdie beskouing,
word duidelik in die bespreking onder die volgende
hoofstuk van hierdie Studie.

Om dus die bedoeling van die onderwyswet op te helder, word deur die Kommissie aanbeveel

"dat die volgende woorde die huidige klousule moet vervang: 'Mag geen spesifieke sektariese leer of dogma wat eie is aan 'n bepaalde godsdienstige gesindte of sekte onderrig word nie'".

Die verdere aanbevelings van die Kommissie in sy verslag ten opsigte van godsdiensonderrig raak nie die bespreking van hierdie studie nie.

Om die gees waarin die nuwe godsdiensonderrigklousule⁽⁴⁷⁾ ontstaan het, weer te gee, word enkele paragrawe uit die *"Verslag van die Gekose Komitee insake die Ontwerp-onderwys-ordonnansie benoem by Order van die Raad, gedateer 5 Augustus 1952"*⁽⁴⁸⁾ hier aangestip.

Volgens par 18 van dié verslag word slegs 'n paar wysigings aanbeveel in die bewoording van die bepalinge om hoofsaaklik te beklemtoon dat die woord *"Godsdiensonderrig"* 'n wyer betekenis inhou as wat die woorde *"onderrig in Bybel-geskiedenis"* skynbaar aangedui het. Volgens par. 19 is die Komitee daarvan oortuig dat die aard en samestelling van staatskole met klasse waarin daar kinders uit gesinne met verskillende godsdiensoortuigings is, op so 'n wyse sal moet geskied dat dit nie strydig is met die beginsel van enige godsdienstige gesindte nie. Die Komitee is egter ook daarvan oortuig dat 'n blote feiterelaas van die Bybelse inhoud onvoldoende is aangesien dit maklik kan lei tot onverskilligheid, en dit sou tot gevolg hê dat die werklike doel van sodanige onderrig nie bereik word nie. Die onderrig moet derhalwe 'n godsdienstige inslag hê en gegrond wees op die ewige waarhede soos deur die Bybel geopenbaar word. Die jeug moet bewus gemaak word van die feit dat die lewe in sy verhevenste vorm sy krag behoort te put uit die ewige beginsel wat in die Woord van God geopenbaar word. *"Hierdie gesindheid moet by die kind*

(47) Klousule 53 van Onderwysordonnansie No. 29 van 1953. Sien ook bylaag B.

(48) Transvaalse Provinsiale Onderwyskomiteeverslag 1952/3.

deur al die prosesse van die onderwys en opvoeding aangekweek word". Die Komitee beoog 'n stelsel van godsdiensonderrig wat sowel die kennis as godsdienssin insluit, maar wat tog dié mate van geloofvryheid verseker dat geen godsdienstige gesindte belemmer sal word in wat hy volgens eie insig verder daarop wil bou nie. Volgens die Komitee word hierdie betekenis geheg aan die gewysigde nuwe bewoording wat in subklousule (4) van klousule 53 voorkom, t.w., "*onderskeidend van*" in plaas van die ouer bewoording "*eie aan*".

Op 16 September 1953 is die "*Nuwe Ordonnansie No. 29 van 1953, tot samevatting en wysiging van die Wette betreffende die Onderwys in die Provinsie Transvaal*" finaal aangeneem deur die Provinsiale Raad en op 1 Desember van dieselfde jaar deur die Goewerneur-generaal goedgekeur.⁽⁴⁹⁾

In sy oorsig oor "*Die Onderwysordonnansie van 1953*" sê die Direkteur van Onderwys o.a. in sy jaarverslag ten opsigte van die ordonnansie die volgende: "*Sy aard is revolusionêr, sy karakter gegrond op die Onderwys Wet van 1907 waarvan die breë beginsels onveranderd bly*". Oor godsdiensonderrig sê hy in sy verslag:

*"Daar is geen verandering in die bepaling vir godsdiensonderrig nie, uitgesonderd vir die bewoording van die artikel wat handel oor die onder-
rig van dogma, waar die verandering gemaak word dat die woorde "eigen aan" in die Wet nou
"onderskeidend van" word en dit gee 'n juister vertolking van die bedoeling van die wets-
opsteller". (50)*

Dit is duidelik dat daar weinig verskil is tussen die bepalinge oor godsdiensonderrig in die wet van 1907 en klousule 53 van die Onderwysordonnansie van 1953.⁽⁵¹⁾ Hoewel laasgenoemde klousule net beter bewoord is, is die woordspeling vatbaar vir 'n veel ruimer vertolking.

Die nuwe klousule verbied klaarblyklik nie alle

(49) T.O.D.-Verslag 1953 (T.P. No. 5 - 1956). Pretoria, 4 Junie 1956. p.16.

(50) Ibid., p.17.

(51) Vgl. bylaes A en B.

dogmatiese onderrig nie. Die bewoording *"geen leer of dogma 'eie aan' enige godsdienstige 'gemeente' of sekte"* in die Smutswet is vervang deur *"geen 'bepaalde' leer of dogma wat 'onderskeidend' is 'van 'n besondere' godsdienstige gesindte of sekte"*.

Die *"geen leer"* van 1907 verbied duidelik alle dogma, terwyl *"geen bepaalde leer"* blykbaar nie *"alle"* dogma verbied nie, slegs *"sekere"* dogma. As dit dan so is, sou alle vroeëre ongerymdheid skynbaar verwyder wees, maar dit is juis dié dogma wat *"onderskeidend"* is *"van 'n besondere godsdienstige gesindte of sekte"* wat moeilik bepaalbaar is.

In die Provinsiale Raad het die Administrateur, dr. W. Nicol, met die behandeling van die ontwerp-ordonnansie verduidelik dat slegs die *"eienaardighede van die verskillende sektes"* uitgeskakel word.⁽⁵²⁾

In 'n omsendbrief van 1954⁽⁵³⁾ het die Transvaalse Onderwysdepartement hierdie standpunt nader bepaal:

"Die inhoud van die Godsdiensonderrig in laer- en middelbare skole kan met inagneming van Art. 53(4) van die nuwe Onderwysordonnansie onder andere die volgende behels: (a) Bybelkennis (b) Die Tien Gebooe (c) Die Twaalf Artikels (geloofs-belydenis) (d) Die Onse Vader".

Volgens hierdie standpunt kan geen godsdiensonderrig sonder dogma gegee word nie. Dit het onder andere ook duidelik geblyk uit die Debatte⁽⁵⁴⁾ wat oor die bespreking van dié betrokke klousules gegaan het. Die inhoud van die departementele leergange, in godsdiensonderrig vir laer- en middelbare skole, wat saamgestel is na aanname van hierdie ordonnansie, is 'n duidelike bewys vir hierdie bewering. 'n Prinsipiële benadering van dié klousules volg later.

--- oOo ---

(52) Verbatim-verslag van die Debatte oor die Ontwerpordonnansie. Elfde Raad, Vyfde Sessie, 4 en 6 Aug. 1953. Pretoria, 1953. p.89.

(53) Transvaalse Onderwysdepartement, Departementele Omsendbrief No. 1 van 1954. p.4.

(54) Vgl. Verbatim-verslag van die Debatte oor die Ontwerpordonnansie. op.cit., p.78-106.